



**HANDLEIDING OOR TOEGANG TOT INLIGTING
GEHOU DEUR DIE GEDRAGSOWERHEID VIR DIE
FINANSIËLE SEKTOR**

OPGESTEL INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING
VAN TOEGANG TOT INLIGTING, WET 2 VAN 2000 (SOOS GEWYSIG)

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING	3
2. DIE FSCA.....	3
3. DIE FUNKSIES VAN DIE FSCA	3
4. STRUKTUUR VAN DIE FSCA.....	4
5. INLIGTINGSBEAMPTES VAN DIE FSCA	6
6. 'N GIDS OOR HOE OM PAIA TE GEBRUIK	7
7. KATEGORIEË VAN REKORDS DEUR DIE FSCA GEHOU	8
8. PROSEDURE VIR PAIA-VERSOEKE	29
9. BETALING VAN GELDE	29
10. OORWEGING VAN DIE VERSOEK	30
11. BESLUIT VAN DIE FSCA.....	30
12. REG OM BESLUIT TE BETWIS.....	30
13. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING	30
14. BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING	30
15. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING INGEVOLGE DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, WET 4 VAN 2013	30

1. INLEIDING

- 1.1. Hierdie handleiding is opgestel ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (“die Wet”) en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPIA).
- 1.2. Die Wet gee gevolg aan die grondwetlike reg van toegang tot inligting vervat in artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.
- 1.3. Ingevolge die Wet word daar van openbare liggame vereis om ‘n handleiding saam te stel as ‘n riglyn vir persone wat inligting versoek. Hierdie handleiding dien verder om die soort rekords aan te dui wat deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (“die FSCA”) gehou word en die beskikbaarheid van sulke rekords van die FSCA, as ‘n openbare liggaam.

2. DIE FSCA

- 2.1. Die FSCA is ‘n juridiese entiteit ingestel ingevolge die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, Wet 9 van 2017 (“FSR-wet”).
- 2.2. Die oogmerke van die FSCA is om:
 - 2.2.1. die doeltreffendheid en integriteit van finansiële markte te verbeter,
 - 2.2.2. billike behandeling van kliënte deur finansiële instellings te bevorder,
 - 2.2.3. finansiële opvoeding te verskaf en finansiële geletterdheid te bevorder en
 - 2.2.4. finansiële stabiliteit te help handhaaf.


3. DIE FUNKSIES VAN DIE FSCA (art. 14(1)(a) van PAIA)

- 3.1. Die FSCA is die aangewese reguleerder van markgedrag, met jurisdiksie oor alle finansiële instellings in Suid-Afrika.
- 3.2. Die FSCA het die bevoegdheid om gedragstandaarde kragtens die FSR-wet te stel, benewens bevoegde kragtens sektor-spesifieke wette.
- 3.3. Die funksies van die FSCA ingevolge die FSR-wet is soos volg:
 - 3.3.1. Reguleer en hou toesig, in ooreenstemming met die finansiëlesektorwette, oor die gedrag van finansiële instellings,
 - 3.3.2. werk saam met en staan die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Oorsigkomitee oor Finansiële Stabiliteit, die Omsigtigheidsowerheid, die Nasionale Kredietreguleerder en die Finansiële Intelligensiesentrum by soos ingevolge die FSR-wet vereis,
 - 3.3.3. werk saam met die Raad vir Mediese Skemas in die hantering van aangeleenthede van wedersydse belang,

- 3.3.4. bevorder, in die mate wat ooreenstem met die bereiking van die doelstelling van die FSCA, volhoubare mededinging in die verskaffing van finansiële produkte en finansiële dienste, insluitende samewerking en medewerking met die Mededingingskommissie,
- 3.3.5. bevorder finansiële insluiting,
- 3.3.6. hersien gereeld die grense en omvang van finansiële sektorregulering, en doen stappe om risiko's te versag wat met die bereiking van sy doelstelling of die effektiewe uitvoering van sy funksies geïdentifiseer is,
- 3.3.7. administreer die invordering van heffings en die verdeling van bedrae wat ten opsigte van heffings ontvang word,
- 3.3.8. doen en publiseer navorsing wat met sy doelstelling verband hou,
- 3.3.9. monitor die mate waarin die finansiële stelsel billike uitkomstes vir finansiële kliënte lewer, met 'n fokus op die billikheid en gepastheid van finansiële produkte en finansiële dienste en die mate waarin hulle aan die behoeftes en redelike verwagtings van finansiële kliënte voldoen, en
- 3.3.10. formuleer en implementeer strategieë en programme vir die finansiële opvoeding van die algemene publiek.

4. STRUKTUUR VAN DIE FSCA – art. 14(1)(a) van die Wet

Die funksionele struktuur van die FSCA is soos volg:



5. INLIGTINGSBEAMPTTE VAN DIE FSCA – art. 14(1)(b) van die Wet

5.1. Die Kommissaris van die FSCA, mnr. Unathi Kamlana, is die aangewese Inligtingsbeampte van die FSCA. Die kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte is soos volg:

Naam	Kontaknommer	E-posadres
Mnr. Unathi Kamlana	+2712 428 8029 (telefoon)	Unathi.kamlana@fsc.co.za

5.2. Die Inligtingsbeampte het, ingevolge artikel 17 van die Wet, sy bevoegdhede kragtens PAIA aan die volgende Adjunk-inligtingsbeamptes gedelegeer:

Naam	Kontaknommer	E-posadres
Me. Kamcilla Naidoo	+2712 367 7882	Paia_popia@fsc.co.za
Me. Ziyanda Mshunqane	+2712 367 7195	

5.3. Die Inligtingsbeampte het, ingevolge artikel 56 van POPIA, sy bevoegdhede kragtens POPIA aan die volgende Adjunk-inligtingsbeampte gedelegeer:

Naam	Kontaknommer	E-posadres
Me. Rami Mpete	+2712 428 8066	Paia_popia@fsc.co.za

5.4. Die FSCA se Inligtingsbeampte en Adjunk-inligtingsbeamptes deel dieselfde fisiese en posadres, soos hier onder:

Fisiese adres	Posadres
Blok B, Riverwalk-kantoorpark Matroosbergweg 41 (hoek van Garstfontein- en Matroosbergweg) Ashlea Gardens- uitbr. 6 Menlopark Pretoria 0081	Posbus 35655 Menlopark 0102

5.5. Die FSCA se webwerf is www.fsc.co.za

- 5.6. Versoeke om inligting en toegang tot rekords wat nie geredelik beskikbaar is nie, kan aan enigeen van die Adjunk-inligtingsbeampptes gerig word.

6. 'N GIDS OOR HOE OM PAIA TE GEBRUIK (art. 14(1)(c) van die Wet

- 6.1. Die Inligtingsreguleerder is verantwoordelik vir en het 'n gids in elke taal van die land ontwikkel met inligting oor hoe om PAIA te gebruik. Hierdie gids is op die Inligtingsreguleerder -webwerf beskikbaar.
- 6.2. Enige inligting of navrae met betrekking tot die gids moet gerig word aan:

Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika)

Posbus 31533

Braamfontein

Johannesburg

2017

Webwerf: www.justice.gov.za/infocoreg

E-pos: infocoreg@justice.gov.za

7. KATEGORIEË VAN REKORDS DEUR DIE FSCA GEHOU (art. 14(1)(d) van PAIA) EN TOEGANG TOT REKORDS (art. 14(1)(e) saamgelees met art. 15(2) VAN PAIA)

- 7.1. Rekords wat deur die FSCA gehou word, word gegenerer deur die administrasie van sy kernfunksies en prosesse soos gereguleer deur die wette wat hy administreer. Hierdie rekords sluit in strategiese rekords en dié van verskeie steunfunksies binne die FSCA.
- 7.2. Die funksies en kategorieë van rekords wat deur die FSCA gehou word, word gelys en geklassifiseer in die kolomme "Funksies" en "Kategorieë van inligting gehou" in die tabel hieronder ooreenkomstig die onderskeie FSCA-afdelings, en behels die kruisfunksionele departemente.
- 7.3. Ingevolge artikel 15 van die Wet word daar van FSCA vereis om 'n lys van inligting in sy besit wat outomaties vir openbaarmaking aan lede van die publiek beskikbaar is, te publiseer.
- 7.4. Hierdie inligting word gelys in die kolom "Inligting geredelik beskikbaar" in die tabel hieronder. Hierdie inligting hoef nie ingevolge PAIA versoek te word nie, en kan regstreeks by die FSCA aangevra word deur hierdie e-posadres te gebruik: enquiries@fsc.co.za.
- 7.5. Vir toegang tot enige ander rekords wat nie in die tabel gelys word nie, moet aansoek ingevolge die Wet gedoen word, en die versoek kan aan hierdie e-posadres gestuur word: paia_popia@fsc.co.za.
- 7.6. Vir toegang tot rekords ingevolge POPIA moet aansoek gedoen word, en die versoek kan na hierdie e-posadres gestuur word: paia_popia@fsc.co.za.

TABEL

AFDELING: LISENSIËRING- EN BESIGHEIDSENTRUM			
Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede vir inligting wat geredelik beskikbaar is
<ul style="list-style-type: none"> • Ontleding en verwerking van alle FSCA-lisensie/registrasie-aansoeke soos vereis deur die verskillende finansiëlesektor-wette waarvoor die FSCA die verantwoordelike owerheid is. • Tree op as die “toegangspunt” vir alle insette van eksterne belanghebbers aan die FSCA, insluitende navrae en klagtes (uit veelvuldige bronne), statutêre voorleggings, lisensiërings- en ander aansoeke, en reaksies op regulatoriese inligtingsversoeke. • Deurlopende assessering en verbetering van die besigheidsprosesse wat deur die Afdeling Lisensiëring- en Besigheidsentrum gebruik word, asook die FSCA se operasionele gebiede. 	<ul style="list-style-type: none"> • Lyste van en werklike inligting, rekords en data wat verband hou met voornemende en huidige lisensiehouers, insluitende persoonlike inligting van natuurlike persone wat aansoekers of deel van die aansoeke is wat deur die FSCA oorweeg en gemagtig moet word en wat van aansoekers en ander eksterne derdepartybronne ontvang is. • Lyste van en werklike inligting, rekords en data wat verband hou met voornemende en huidige lisensiehouers van ander liggame bekom, insluitende regulatoriese en toesighoudende liggame wat met voornemende en huidige lisensiehouers verband hou. • Lyste van en werklike inligting, rekords en data wat verband hou met voornemende en huidige lisensiehouers, insluitende persoonlike inligting van 	<ul style="list-style-type: none"> • Lys en status van: <ul style="list-style-type: none"> ○ Finansiële adviseurs en tussengangers ○ Banke, krediet- en betalingverskaffers ○ Versekeraars ○ Administrateurs van aftreevoordele ○ Begrafnisadministrateurs ○ Beleggingsverskaffers ○ KBS-portefeuljes ○ Plaaslike en buitelandse kollektiewe beleggingskemas ○ Finansiëlediensteverskaffers, en die lys van sleutelindividue, verteenwoordigers en nakomingsbeamptes van gemagtigde finansiëlediensteverskaffers ○ Aftreefondse ○ Genomineerde 	<ul style="list-style-type: none"> • enquiries@fsc.co.za

	<p>natuurlike persone wat aansoekers of deel van die aansoeke is wat deur die FSCA oorweeg en gemagtig moet word, wat van aansoekers of ander eksterne derdepartybronne ontvang is.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lyste van en werklike inligting, rekords en data wat verband hou met voornemende en huidige lisensiehouers wat van ander liggame bekom is, insluitende regulatoriese en toesighoudende liggame wat met voornemende en huidige lisensiehouers in verband staan, wat deur die FSCA nodig en relevant beskou word vir die oorweging van die lisensie-aansoeke. • Inligting wat met die lisensieringsproses verband hou. • Inligting oor klagtes en navrae. • Inligting oor statutêre opgawes. Aansoeke om die deel van inligting ingevolge verskeie sektorwette. 	<p>maatskappye</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Verskaffers van oor-die-toonbank afgeleide instrumente. • Lys van alle finansiële instellings wat die volgende weerspieël: <ul style="list-style-type: none"> ○ Naam van finansiële instelling, ○ handelsnaam, ○ verwysingsnommer deur die FSCA toegewys, ○ magtigingsstatus en ○ goedgekeurde finansiële produkte. • Lys van geskrapte persone; • Lys van alle persone wat die FSCA geweier het om as finansiële dienste-verskaffers goed te keur. • Nuwe lisensie-aansoeke. 	
AFDELING: REGULATORIESE BELEID			
Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede

<ul style="list-style-type: none"> • Deurlopende hersiening en ontwikkeling van regulatoriese raamwerke (standaarde en ander relevante regulatoriese instrumente en dokumente). • Binnelandse en internasionale interregulatoriese skakeling, insluitende verantwoordbaarheid vir die ontwikkeling en instandhouding van interregulatoriese memorandum van verstandhouding; samestelling en voorlegging van verslae, voorleggings en inligtingsversoekreaksies op internasionale forums; koördinasie van FSCA se deelname aan internasionale forums. • Uitvoering van deurlopende proaktiewe navorsing na en monitering van finansiële sektortendense en ontluikende markgedragrisiko's. • Deurlopende monitering, navorsing en assessering van tegnologiese tendense en innoverings om die eksterne impak daarvan op finansiële sektor-sakemodelle, produk- en oplossingsontwerp en kliëntuitkomstes te verstaan ten einde vinnige en gepaste regulatoriese en toesighoudende reaksies op tegnologiese innoverings te hê. • Lewering van die FSCA se kliëntopvoedingsmandaat; en vir die 	<ul style="list-style-type: none"> • Regulatoriese instrumente en ander ondergeskikte wetgewing, gemaak kragtens finansiële sektorale wette soos omskryf in Finansiële sektorregulasie 2017 (FSR-wet). • Dokumente waarna in artikels 98(1)(a) en 100(1)(a) van die FSR-wet verwys word. • Dokumente waarna in artikel 104(1) en (2) van die FSR-wet verwys word. • Versoeke vir inligting wat kragtens artikel 131(1) van die FSR-wet gerig is. • Riglynkennisgewings kragtens artikel 141 van die FSR-wet (of kragtens 'n soortgelyke artikel in 'n finansiële sektorwet). • Vertolkingsbeslissings waarna in artikel 142 van die FSR-wet verwys word. • Uitstel van nakoming waarna in artikel 279(1) van die FSR-wet verwys word. • Inligtingsomsendbriewe/ briewe, inligtingsversoeke, algemene voorskrifte en soortgelyke dokumente voordat die FSR-wet in werking getree het. • Kennisgewings wat deur die 	<ul style="list-style-type: none"> • Regulatoriese instrumente en ander ondergeskikte wetgewing, gemaak kragtens finansiële sektorale wette soos omskryf in Finansiële sektorregulasie 2017 (FSR-wet), op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Dokumente waarna in artikels 98(1)(a) en 100(1)(a) van die FSR-wet verwys word, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Dokumente waarna in artikel 104(1)(a) en (2) van die FSR-wet verwys word, op die GOFR-webwerf gepubliseer. • Versoeke vir inligting wat kragtens artikel 131(1) van die FSR-wet gerig is, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Riglynkennisgewings kragtens artikel 141 van die FSR-wet (of kragtens 'n soortgelyke artikel in 'n finansiële sektorwet), op die 	<ul style="list-style-type: none"> • enquiries@fsc.co.za
--	--	---	--

<p>ontwikkeling van die FSCA se strategiese benadering tot kliëntopvoeding, insluitende verteenwoordiging van FSCA in breër finansiële geletterdheidsbeleidinisiatiewe. Ook verantwoordbaar vir die operasionele implementering en lewering van die FSCA se verbruikeropvoedingaktiwiteite.</p>	<p>FSCA in die Staatskoerant en/of op die FSCA-webwerf gepubliseer is, insluitende regskenisgewings met betrekking tot vrystellings, vasstellings, verklarings, voorskrifte en dies meer wat kragtens finansiële-sektorwette gemaak is.</p> <p>Bedryfskommunikasies en persvrystellings of soortgelyke kommunikasies wat verband hou met regulatoriese beleid of raamwerkontwikkelings.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Besprekings-, posisie-, beleid- of navorsingsreferate. • Verdoë deur die FSCA gerig aan eksterne belanghebbers/partye op openbare platforms met betrekking tot beleids- en/of regulatoriese ontwikkelings. • 'n Konsepsweergawe van enige van die dokumente waarna hierbo verwys word. • Versekeraar se kontakpersone. • Reaksies op opnames, vraelyste en ander versoeke om inligting met betrekking tot navorsingsprojekte. • Resultate en finale verslae van navorsingsprojekte. • Kontakinligting van deelnemers aan uitreikwerkinkels deur die 	<p>FSCA-webwerf gepubliseer.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vertolkingsbeslissings waarna in artikel 142 van die FSR-wet verwys word, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Uitstel van nakoming waarna in artikel 279(1) van die FSR-wet verwys word, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Inligtingsomsendbriewe/briewe, inligtingsversoeke, algemene voorskrifte en soortgelyke dokumente, op die FSCA-webwerf gepubliseer voordat die FSR-wet in werking getree het. • Kennisgewings wat deur die FSCA in die Staatskoerant en/of op die FSCA-webwerf gepubliseer is, insluitende regskenisgewings met betrekking tot vrystellings, vasstellings, verklarings, voorskrifte en dies meer wat kragtens finansiële-sektorwette gemaak is. • Bedryfskommunikasies en persverklarings of 	
---	---	---	--

	<p>departement aangebied.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Registers van bywoners van verbruikeropvoedingsaktiwiteite. • Notules van vergaderings met belanghebbers. • Lys van kontakbesonderhede van plaaslike en internasionale belanghebbers in verbruikeropvoeding. • Monitering- en evalueringsverslae van FSCA se verbruikeropvoedingsaktiwiteite • Navorsingsdata. • Navorsingsverslae. 	<p>soortgelyke kommunikasies met betrekking tot regulatoriese beleid of raamwerkontwikklings, op die FSCA-webwerf gepubliseer.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Besprekings-, posisie-, beleids- of navorsings-referate, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Vertoë deur die FSCA gerig aan eksterne belanghebbers/partye op openbare platforms met betrekking tot beleids- en/of regulatoriese ontwikkelings, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • 'n Konsepweergawe van enige van die dokumente waarna hierbo verwys word, op die FSCA-webwerf gepubliseer. • Lys van memorandum van verstandhouding (MvV'e) aangegaan tussen die FSCA en ander reguleerders. • Finale goedgekeurde navorsingsreferate. • FSCA se Finansiële 	
--	--	---	--

		<p>Geletterheids-fasiliteerderskursus.</p> <ul style="list-style-type: none"> • FSCA se MyMoney Learning Series. • Artikels oor verbruikersopvoeding en nuusbriewe. • Sosiale media-boodskappe oor verbruikersopvoeding. • Verbruikersopvoedin gs-hulpbronne. • Verbruikersopvoedin gs-webwerf • www.fscamymoney.co.za • Verbruikersopvoedings-projekverslae. 	
AFDELING: BESIGHEIDSTOESIG			
Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede
<ul style="list-style-type: none"> • Toesig oor die besigheidsgedrag van entiteite gemagtig om bankprodukte uit te reik en entiteite gemagtig om betalingsdienste te verskaf. • Toesig oor die verskaffing van krediet deur banke; en toesig oor die advies- en tussengangerdienste wat deur banke aangebied word. • Toesig oor die besigheidsgedrag van entiteite gemagtig om versekeringsprodukte uit te reik en entiteite gemagtig vir administrasie van 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorskrifte, riglyne, kennisgewings, gedragstandaarde en gesamentlike standaarde ingevolge die Wet op Korttermynversekering, Wet 53 van 1998, die Wet op Langtermyn-versekering, Wet 52 van 1998, die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, Wet 9 van 2017, en die Versekeringswet, 2017 (en ondergeskikte wetgewing). 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorskrifte, riglyne, kennisgewings, gedragstandaarde en gesamentlike standaarde ingevolge die Wet op Korttermynversekering, Wet 53 van 1998, die Wet op Langtermynversekering, Wet 52 van 1998, die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, Wet 9 van 2017, en die Versekeringswet, 2017 (en 	enquiries@fsc.co.za

<p>aftreefondsvoordele.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toesig oor die advies- en tussengangerdienste wat versekeraars aanbied. • Toesig oor die besigheidsgedrag van mikroversekeraars en ander finansiëledienste-entiteite wat in die "mikro-" of "toegangsproduk"-ruimte werkzaam is. "Toegangsprodukte" sluit in mikroversekeringspolisse, begrafnispolisie (insluitende begrafnispolisie deur tradisionele versekeraars verkoop) en produkte wat deur onderlinge hulpverenigings, koöperatiewe banke en koöperatiewe finansiële instellings aangebied word. • Toesig oor die besigheidsgedrag van entiteite wat gelisensieer is om finansiële advies te gee, en entiteite wat gemagtig is vir die aktiwiteit van produkverkope en uitvoering op 'n nie-adviesgrondslag, waar die entiteit nie ook gemagtig is vir die werklike uitreiking van die betrokke produkte nie. • Toesig oor die besigheidsgedrag van 'n reeks finansiële instellings gemagtig vir verskillende aktiwiteite met betrekking tot beleggings. Dit sluit in toesig oor: <ul style="list-style-type: none"> • die besigheidsgedrag van entiteite gemagtig om gepoelde beleggings te bedryf wat as kollektiewe beleggingskemas gestruktureer is; 	<ul style="list-style-type: none"> • Lys van goedgekeurde finansiële instellings met 'n versekeringslisensie. • Lys van goedgekeurde finansiële instellings met KBS- en FAT-lisensies. • Lys van gelisensieerde koöperatiewe banke en koöperatiewe finansiële instellings. • Lys van geregistreerde onderlinge hulpverenigings. • Lys van gelisensieerde banke, takke van buitelandse banke en onderlinge banke. • Besonderhede met betrekking tot afdwingingsoptrede wat die FSCA kan neem teen 'n gelisensieerde versekeraar, bank, KBS-bestuurders en finansiëlediensteverskaffers, insluitende administratiewe strawwe en afdwingbare ondernemings. • Aanhangsel Cs en Ds vir 13B-voordeeladministrateurs. • Kennisgewings van nuwe direkteure en aandeelhouers vir 13B-voordeeladministrateurs. • Aansoeke, versoeke en kennisgewings met betrekking tot 	<p>ondergeskikte wetgewing).</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lys van goedgekeurde finansiële instellings met 'n versekeringslisensie. • Lys van goedgekeurde finansiële instellings met KBS- en FAT-lisensies. • Lys van geregistreerde onderlinge hulpverenigings. • Lys van goedgekeurde finansiële instellings met banklisensie, takke van buitelandse banke en onderlinge banke met 'n finansiëlediensteverskaffer-(FDV-)lisensie. • Publikasies met betrekking tot afdwingingsoptrede wat die FSCA teen 'n gelisensieerde versekeraar of voordeeladministrateur, bank, KBS-bestuurder en finansiëlediensteverskaffer gedoen het, insluitende administratiewe strawwe en afdwingbare ondernemings. • Publikasies met betrekking tot 'n versekeraar, voordeeladministrateur, bank, KBS-bestuurder of 	
---	--	--	--

<ul style="list-style-type: none"> • die besigheidsgedrag van diskresionêre beleggingsbestuurders; • die besigheidsgedrag van entiteite wat administrasiedienste met betrekking tot beleggings verskaf; • die besigheidsgedrag van entiteite gemagtig om professionele beleggerskantsingsfondse te bedryf, en die betrokke verskantsingsfondse, asook verskantsingsfondsebeleggingsbestuurders wat professionele beleggerskantsingsfondse bestuur. • Uitvoering van die FSCA se toesighoudende funksies kragtens die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum. 	<p>13B-voordeeladministrateurs en versekeraars.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lys van lisensies wat teruggetrek is en redes daarvoor. • Lys van opgeskorte lisensies en redes daarvoor. • Lys van geskrapte persone en redes daarvoor. • Skrappingsbevele. • Klagte-inligting gehanteer. • Verslae oor inspeksies ter plaatse. • Finansiële state, • Dokumente met betrekking tot verhoudingsvergaderings met versekeraars. • Opgawes van versekeringsbesigheid gedoen. • Nakomingsverslae. • Onreëlmatigheidsverslae. • Alle inligting wat ingesamel is ingevolge inligtingsversoeke deur die FSCA gerig. 	<p>finansiële diensteverskaffer aan wie vrystelling van 'n bepaling van 'n finansiële-sektorwet verleen is.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kuratorverslae wat in die openbaar beskikbaar is. 	
AFDELING: TOESIG OOR MARKINTEGRITEIT			
Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	

<ul style="list-style-type: none"> • Lisen­siëring van en toesig oor markinfrastrukture. • Daarstelling van geloofwaardige en deursigtige bestuurs-, oorsig- en verantwoordbaarheidsprosedures vir die vas­stellersproses, insluitende lisen­siëring van en toesig oor toonaangewende verskaffers. • Toesig en lisen­siëring van entiteite gemagtig om kredietgraderingsdienste te verskaf. • Toesig oor en lisen­siëring van verskaffers van oor-die-toonbank afgeleide instrumente wat as 'n gereelde kenmerk van hulle besigheid oor-die-toonbank afgeleide instrumente skep of 'n mark in oor-die-toonbank afgeleide instrumente bedryf. 	<ul style="list-style-type: none"> • Lys van gelisen­siëerde markinfrastrukture: <ul style="list-style-type: none"> ○ JSE Beperk ○ JSE Clear (Edms) Bpk ○ A2X (Edms) Beperk ○ Equity Express Securities Exchange (Edms) Bpk ○ 4 Africa Exchange (Edms) Bpk ○ SARX (Edms) Bpk ○ Strate (Edms) Bpk ○ Strate Associated Clearing House ○ Granite CSD (Edms) Bpk • Lys van statutêre voorleggings, lisen­siërings- en ander aansoeke, en reaksies op regulatoriese inligtingsversoeke. • Lys van sanksies ingestel teen gelisen­siëerde markinfrastrukture en markdeelnemers wat ongereguleerde aktiwiteite bedryf het. • Die FSCA sal 'n openbare register op sy webwerf in stand hou wat die volgende bevat: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die identiteite van gemagtigde of geregistreeerde administrateurs in die Republiek 	<ul style="list-style-type: none"> • Lys van persone aan wie lisen­sië deur die FSCA kragtens die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet 19 van 2012), uitgereik is. • Aanlynregistrasie-gebruikersgids vir kredietgraderings-agentskappe. • Kennisgewings van aansoeke vir registrasie as kredietgraderings-agentskappe. • Aansoekvorms en registrasiesertifikate van geregistreeerde kredietgraderings-agentskappe. • Lys van geregistreeerde kredietgraderings-agentskappe. • Besonderhede van kredietgraderings-agentskappe wie se registrasie opgeskort of gekanselleer is. • Voorskrifte deur die FSCA uitgereik oor kredietgraderings-agentskappe om die 	<p>enquiries@fsc.co.za</p>
--	--	---	----------------------------

	<ul style="list-style-type: none"> ○ die identeite van administrateurs in derde lande wat aan gelykwaardigheidsvereistes voldoen en 'n lys van hulle norme wat in die Republiek gebruik kan word ○ die identeite van administrateurs in derde lande wat deur die FSCA erken word en 'n lys van hulle norme wat in die Republiek gebruik kan word ○ 'n lys van norme deur 'n administrateur in 'n derde land verskaf wat deur 'n administrateur in die Republiek vir gebruik in die Republiek goedgekeur is. • Aanlynregistrasie-gebruikersgids vir kredietgraderings-agentskappe. • Kennisgewings van aansoeke vir registrasie as kredietgraderings-agentskap. • Aansoekvorms en registrasiesertifikate van geregistreerde kredietgraderings-agentskappe. • Lys van geregistreerde kredietgraderings-agentskappe. • Besonderhede van 	<p>beskerming van beleggers, potensiële beleggers of die publiek oor die algemeen te beskerm.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vrstellingskennisgewings deur die FSCA uitgereik aan kredietgraderings-agentskappe wat van algemene toepassing is of op spesifieke tipes geregistreerde kredietgraderings-agentskappe van toepassing is. • Algemene kennisgewings, media- en persvrystellings gepubliseer deur FSCA oor toesig oor en gefinaliseerde ondersoeke van markinfrastrukture. • Jaarverslae van gelisensieerde markinfrastrukture. • Lys van gelisensieerde markinfrastrukture en markdeelnemers wat die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet 19 van 2012) oortree het. • Lisensies deur die 	
--	--	---	--

	<p>kredietgraderings-agentskappe wie se registrasie opgeskort of gekanselleer is.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Besonderhede van direksies, senior bestuur, nakomingsbeampte en sleutelwerknemers betrokke by die kredietgraderingsdienste van die geregistreerde kredietgraderingsagentskappe. • Voorskrifte deur die FSCA uitgereik oor kredietgraderings-agentskappe om die beskerming van beleggers, potensiële beleggers of die publiek oor die algemeen te beskerm. • Vrystellingskennisgewings deur die FSCA uitgereik aan kredietgraderings-agentskappe wat van algemene toepassing is of op spesifieke tipes geregistreerde kredietgraderings-agentskappe van toepassing is. • Algemene kennisgewings, media- en persvrystellings deur die FSCA gepubliseer oor toesig oor en ondersoeke na kredietgraderingsagentskappe. • Geouditeerde jaarverslae van die geregistreerde kredietgraderingsagentskappe. • Jaarverslae van die 	<p>FSCA aan markinfrastrukture uitgereik.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vrystellingskennisgewings deur die FSCA aan markinfrastrukture uitgereik. • Aansoekvorms en indeks vir sentrale teenparty-aansoeke. 	
--	---	--	--

	<p>geregistreeerde kredietgraderingsagentskappe.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Jaarlikse nakomingsverslae van geregistreeerde kredietreguleringsagentskappe. • Instandhouding van 'n openbare register van sy markdeelnemers en enige sanksies wat teen sulke markdeelnemers ingestel is. • Lys van statutêre voorleggings, lisenšierings- en ander aansoeke, en reaksies op regulatoriese inligtingsversoeke. 		
AFDELING: TOESIG OOR AFTREEFONDSE			
Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	

<ul style="list-style-type: none"> • Toesig oor aftreefondse (insluitende oorsig oor nakoming met fondsreëls, die hou van toesighoudende inspeksies van fondse ter plaatse, en oorsig van gedrag van trustees en ander aspekte van fondsbestuur. • Omsigtigheidstoetsing van alle aftreefondse. • Die keuring en goedkeuring van nuwe aftreefondse. • Die keuring en goedkeuring van wysigings van die reëls van reeds geregistreerde/gelisensieerde aftreefondse (d.w.s. wysigings aan die reëls van 'n bestaande fonds). • Goedkeuring van vrystellings en uitstel. • Beëindiging van deelnemende werkgewers/kansellering van fondse. • Evaluering, oorweging en implementering van gepaste sanksies vir trustees in gevalle waar trusteegedragkwessies opgespoor word. • Verskaffing van inset in die daarstelling, instandhouding en monitering van trustees se opleiding en kwalifikasies. • Voorstel van en bystand met opstel van regulatoriese instrumente en riglynkennisgewings ingevolge die FSR-wet. • Strategiese monitering van die gedrag 	<ul style="list-style-type: none"> • Artikel 26-aanstellings. • Kuratorskapinligting. • Verslae oor inspeksies ter plaatse. • Regulatoriese optrede. • Klagtes. • Finansiële jaarstate, statistiek en verslae. • Likwidadeursinligting. • Likwidasië-en-distribusierekenings (voorlopige en finale rekenings). • Slegs likwidasiëklagtes. • Kwartaallike verslae oor skending van regulasie 28. • Artikel 14-oorplasinge. • Data-ontleding en verslae. • Kennisgewings uitgereik ingevolge die Wet op Pensioenfondse. • Pensioenfondsomsendbriewe en inligtingsomsendbriewe. • Lys van geregistreerde aftreefondse. • Afskrifte van reëls/reëlwysigings van geregistreerde aftreefondse. • Goedkeurings van verstekregulasievrystellings. • Trustee Toolkit-voltooiingsertifikate, • Aansoeke om 	<ul style="list-style-type: none"> • Artikel 26-aanstellingsbriewe. • Kuratorskapverslae van 'n openbare aard. • Jongste inkomsterekening van geregistreerde aftreefondse. • Jongste balansstaat van geregistreerde aftreefondse. • Voorlopige likwidasië-en-distribusierekening ter insae tydens die likwidasië-inspeksie tydperk. • Kennisgewings uitgereik ingevolge die Wet op Pensioenfondse. • Pensioenfondsomsendbriewe en inligtingsomsendbriewe. • Lys van geregistreerde aftreefondse. • Reëls van geregistreerde aftreefondse. • Gepubliseerde uitsonderings ingevolge die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017. 	<p>enquiries@fsca.co.za</p>
--	---	--	-----------------------------

<p>van trustees met betrekking tot hulle vermoë om volgens die ses Behandel Werknemers Billik-(BWB-)uitkomstes te lewer.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van goeie bestuursbeginsels van aftreefondse deur oorsese fondse. • Strategiese assessering van die bedryf en impak van die verstekregulasies oor aftreefondse en lede. • Oorsig oor die verwerking en evaluering van verstekregulasievystelling- en uitstelaansoeke. • Bestuur van die aangewese plek vir navrae met betrekking tot verstekregulasies. • Verantwoordelik vir die voorskryf van aangeleenthede waarvoor daar in die verstekregulasies voorsiening gemaak word. • Bystand aan Afdeling Toesig oor Aftreefondse oor die implementering van gepaste afdwingingsoptrede waarvoor in hoofstuk 10 van die FSR-wet voorsiening gemaak word. <p>Verskaffing van steun aan die Afdeling Toesig oor Aftreefondse in sy werk met die verskaffing van menings en leiding oor die manier waarop spesifieke sake hanteer moet word.</p>	<p>uitsondering en uitstel.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vrystellings. • Gedragstandaarde. • Afdwingbare ondernemings. • Vertolkingsbeslissings. • Geregistreerde kantoor van fondse. • Besonderhede van hoofbeampte. • Menings. 	<ul style="list-style-type: none"> • Gedragstandaarde. • Afdwingbare ondernemings. • Vertolkingsbeslissings. • Geregistreerde kantoor van fondse. • Hoofbeampte se naam en e-posadres en die fondse se kantoor nommer. 	
AFDELING: SPESIALISSTEUN			
Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede

<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf professionele aktuariële steun aan die ander FSCA-afdelings. • Toesig oor spesifieke artikels van die Wet op Pensioenfondse, veral artikels 15, 16 en 18 (noodsaaklike werk deur die pensioenfondswaardeerders verrig). • Verskaf steun aan ander FSCA-afdelings met die ontleding van data wat deur statutêre opgawes van markgedrag of ander <i>ad hoc</i>-datastelle ingedien is, ten einde risiko-aanwysers van markgedrag te monitor. • Bystand met die ontwerp van statutêre opgawes of ander inligtingsversoeke deur die FSCA om te verseker dat betekenisvolle data gelewer sal word, asook die ontwerp en opstel van openbare verslae wat bedryfstatistieke en normsleutelgedragaanwysers opsom. • Steun aan ander FSCA-afdelings met die ontleding van sakemodelle en produkte van spesifieke finansiële instellings. • Steun aan die ander FSCA-afdelings met die hersiening van die openbaarmaking-, adverteer- en bemarkingstrategieë van spesifieke finansiële instellings. • Deurlopende skandering van die media, en deurlopende monitering van nuwe advertensie- en bemarkingsbenaderings. 	<ul style="list-style-type: none"> • Waardasieverslae van aftreefondse. • Besonderhede van waardeerders. • Aansoeke met betrekking tot artikels 15 en 18 van die Wet op Pensioenfondse. • Data (navorsingsverslae) by openbare bronne bekom. • Interne strategie- en beleidsdokumente. Navorsingsdokumente van buite-organisasies wat in die openbaar beskikbaar is. 		<p>enquiries@fsc.co.za</p>
---	---	--	----------------------------

<ul style="list-style-type: none"> • Steun aan die toesighoudende funksies deur deurlopende hersiening en ontwikkeling van die FSCA se toesighoudende raamwerk. • Deurlopende navorsing en monitering van plaaslike en internasionale toesighoudende standaarde en benaderings. 			
---	--	--	--

AFDELING: AFDWINGING

Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede
<ul style="list-style-type: none"> • Doen ondersoek soos beoog in die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017. • Doen markmisbruikondersoek soos beoog in die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017, saamgelees met die Wet op Finansiële Markte, Wet 19 van 2012. • Verskaf steun aan die ander eenhede in die Afdwingsafdeling met betrekking tot komplekse afdwingsgevalle. • Advies aan die FSCA oor administratiewe stappe wat gedoen moet word. 	<ul style="list-style-type: none"> • Onderzoekverslae en steundokumentasie wat in die uitoefening van ondersoekbevoegdhede bekom is. • Mediavystellings met betrekking tot ondersoek. • Bevele en vasstellings van die FSCA met betrekking tot ondersoek- en afdwingsaangeleenthede deur die departement hanteer. • Standaard bedryfshandleidings. • Onderzoekverslae en steundokumentasie wat in die uitoefening van ondersoekbevoegdhede bekom is. • Mediavystellings met betrekking tot markmisbruikondersoek. • Besonderhede van eisers wat vergoed is weens benadeling deur binnehandel. • Standaard bedryfshandleidings. 	<ul style="list-style-type: none"> • Enige administratiewe stappe gedoen wat gepubliseer moet word. • Mediavystellings met betrekking tot ondersoek gedoen ingevolge die Wet op Binnehandel, 1998, die Wet op Finansiële Markte, 2012, en die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017. • Mediavystellings met betrekking tot afdwingbare ondernemings ingevolge artikel 151 van die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017. • Mediavystellings met betrekking tot ondersoek gedoen ingevolge die Wet op Binnehandel, 1998, die Wet op Finansiële Markte, 	<p>enquiries@fsc.co.za</p>

	<ul style="list-style-type: none"> • Regtens gepriviligeerde materiaal aangesien ons advies aan die Departement I en U gee. • Regspleitstukke deur die Afdeling opgestel. • Dokumente met betrekking tot aangeleenthede waar administratiewe optrede gedoen of oorweeg is. • Administratiewe dokumente met betrekking tot die daaglikse bestuur van die eenheid, bv. begrotings, sakeplanne, ens. 	<p>2012, en die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Mediavystellings met betrekking tot afdwingbare ondernemings ingevolge artikel 151 van die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017, ten opsigte van markmisbruikgevalle. • Mediavystellings met betrekking tot aangeleenthede wat na die Eenheid vir Komplekse Afdwinging verwys is. • Mediavystellings met betrekking tot afdwingbare ondernemings deur Komplekse Afdwinging opgestel. 	
--	---	--	--

AFDELING: KORPORATIEWE SENTRUM

Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede
<ul style="list-style-type: none"> • Steun vir menslikehulpbron-vereistes en bedrywighede op alle terreine van die FSCA. • Verskaffing van bestuursdienste van geïntegreerde fasiliteite om die FSCA se werksomgewing in stand te hou, te verbeter en aan te pas, insluitende deur die bestuur en koördinerings van die 	<ul style="list-style-type: none"> • Organogram. Dit is beskikbaar in die FSCA se jaarverslag. • Beurse, indien enige. • Werwingverwante inligting. • Beleide en prosedures. • Rekords van kantoorakkommodasie. • BSV-rekords. • Fasiliteitedienste. 	<ul style="list-style-type: none"> • Advertensies ten opsigte van vakatures deur die FSCA geadverteer. • Lys van diensverskaffers. • Mediapublikasies. • Artikels oor verskeie aangeleenthede in die FSCA se domein. 	enquiries@fsca.co.za

<p>beste gebruik van ruimte, boudienste en infrastruktuur, mense en die verskaffing van 'n reeks voorrade en dienste.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling en implementering van die FSCA se strategie vir interne en eksterne kommunikasie. Ook verantwoordelik vir die bestuur van die FSCA se reputasie, insluitende die ontwikkeling en implementering van die FSCA se algemene bemarkings- en eksterne kommunikasie-aktiwiteite, en ook verantwoordelik vir die implementering en handhawing van die FSCA se taalbeleid. 	<ul style="list-style-type: none"> • Mediapublikasies. • FSCA se jaarverslae. • Artikels oor verskeie aangeleenthede in die FSCA se domein. • Rekords van onderhoude van FSCA-beamptes met verskeie media-instellings. • FSCA se interne pulikasies. • Bewustheidsomsendbriewe deur die FSCA uitgereik. 	<ul style="list-style-type: none"> • Rekord van onderhoude van FSCA-beamptes met verskeie media-instellings. • Bewustheidsomsendbriewe deur die FSCA uitgereik • FSCA se interne pulikasies. 	
---	---	---	--

AFDELING: FINANSIES EN VOORRAADKETTING

Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede
<ul style="list-style-type: none"> • Steun op alle terreine van die FSCA in die volgende areas: • Effektiewe bestuur van bedryfskapitaal. • Bestuur van kontantvloei en beleggings. • Bestuur van nie-bedryfsbates. • Kapitaalbeleggingsbeoordelings. Opstel en bestuur van beleggings- en kapitaaluitgawebegrotings. • Maandelikse bestuursverslagdoening, afwykingsontledings en implementering van regstellende maatreëls. • Opstel van finansiële jaarstate. • Verseker goeie stelsels van interne beheer. • Steun op alle terreine van die FSCA in die volgende sleutelareas: 	<ul style="list-style-type: none"> • Gepubliseerde finansiële state. • Finansiesverwante beleide en prosedures van die FSCA. • Maandelikse bestuursrekenings. • Gepubliseerde finansiële state. • Finansiesverwante beleide en prosedures van die FSCA. • FSCA-begroting. • Lys van tenders toegeken. • Lys van tenders teruggetrek. • Boddokumente deur verskillende biederders ingedien, • Verkrygingsbeleide. 	<ul style="list-style-type: none"> • Gepubliseerde finansiële jaarstate. • FSCA-begroting. • Lys van tenders toegeken. • Lys van tenders teruggetrek. 	<p>enquiries@fsc.co.za</p>

<ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe bestuur van handelskrediteure. • Effektiewe bestuur van bedryfskapitaal. • Verseker nakoming met die PFMA- en Tesourie-regulasies met betrekking tot betalings. • Opstel en bestuur van uitgawebegrotings. • Maandelikse bestuursverslagdoening, afwykingsontledings en implementering van regstellende maatreëls. • Opstel van finansiële jaarstate. • Verseker goeie stelsels van interne beheer. • Steun aan al die afdelings van die FSCA in die volgende sleutelareas: • Effektiewe bestuur van heffings en gelde. • Effektiewe bestuur van loonstaat. • Effektiewe bestuur van bedryfskapitaal. • Opstel en bestuur van inkomste- en personeelbegrotings. Maandelikse bestuursverslagdoening, afwykingsontledings en implementering van regstellende maatreëls. • Opstel van finansiële jaarstate. • Verseker goeie stelsels van interne beheer. • Steun aan al die afdelings van die FSCA in die volgende sleutelareas: <ul style="list-style-type: none"> ○ Verkryging van goedere en dienste 	<ul style="list-style-type: none"> • Diensooreenkomste tussen die FSCA en derde partye aangegaan. 		
--	--	--	--

<p>in ooreenstemming met die PFMA- en Tesourie-regulasies.</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Bestuur van die voorraadkettingvraag- en bestedingsprosesse. ○ Sien toe dat verkrygingspraktyke billik, regverdig, deursigtig, mededingend en koste-effektief is. ○ Bestuur tenderprosesse. ○ Bestuur verskafferkontrakte. ○ Verseker goeie stelsels van interne beheer. 			
---	--	--	--

AFDELING: UITVOERENDE KANTOOR

Funksies	Kategorie van inligting gehou	Inligting geredelik beskikbaar	Kontakbesonderhede
<ul style="list-style-type: none"> • Verantwoordelik vir die FSCA se interne ouditfunksie, gekombineerde versekering en sy besigheidsversekeringsportefeulje. • Verantwoordbaar vir ontwikkeling van die FSCA se ondernemingsrisikobestuurs- raamwerk. • Verantwoordbaar vir die FSCA se vermoë om voort te gaan om sake te doen in geval van 'n ramp of ander wesenlike ontwrigting. • Verantwoordbaar vir die FSCA se nakoming van alle wette, insluitende nakoming van die FSCA se eie interne beleide. • Verantwoordbaar vir monitering, evaluering en verslagdoening van die FSCA se prestasie teen sy strategiese en 	<p>Strategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> • FSCA se strategiese plan. • FSCA se jaarlikse prestasieplan. • FSCA se sakeplanne. • Bedrog- en korrupsievoorkomingstrategie. <p>Beleide:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ondernemingsrisikobestuurs- raamwerk. • Ondernemingsrisikobestuurs- raamwerk en -beleid. • Fluitjieblaasbeleid. • Nakomingsbeleid en -handves. • Beleid oor ontwikkeling en hersiening van beleide. • Sakekontinuiteitsbestuursbeleid en beleidsverklaring. 	<ul style="list-style-type: none"> • FSCA se jaarlikse prestasieplan. 	<p>enquiries@fsca.co.za</p>

<p>sakedoelwitte. Hierdie funksie sal ook verantwoordelik wees vir korporatiewe verslagdoening, wat die opstel, voorlegging en koördinerings van die verskillende korporatiewe bestuursverwante verslae wat die FSCA moet produseer, behels.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf sekretariaatdienste aan die FSCA se Uitvoerende Komitee, Bestuurskomitees en ander sleutelbestuurstrukture. • Tree op as die hoofpunt van kontak tussen die FSCA en die media, en tree ook op as 'n mediawoordvoerder namens die Kommissaris en Adjunkkommissaris. • Voorsien, deur die Kantoor van die Algemene Raad, regsdiens aan die FSCA op die gebiede van litigasie en -bestuur, wetgewende hersiening, algemene korporatiewe regsadvies en -dienste, skakeling met die Finansiële Dienstetribunaal en advies oor teengeldwassery/finansiering van terrorisme. 	<ul style="list-style-type: none"> • Prestasie-inligtingsbeleid. • Versekeringspolisdokumente. • Pandemieplan. <p>Verslae:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kwartaallikse verslae oor bestuursrisiko en versekering. • Nasionale Tesourie se kwartaallikse verslae. • Interne ouditverslae. • Nakomingsmoniteringsverslae. • Monitering- en evalueringsverslae. • Risikohersieningsverslae. • Verslae oor wenke ontvang. <p>Agendas en notules van vergaderings:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Agendas en notules van Oorgangsbestuurskomitee, Bestuurskomitees, Minister se Komitees en operasionele uitvoerende vergaderings van die FSCA, Kantoor van die Pensioenfondsberegter en FAT-ombudskantoor. • Inligting oor algemene administrasie. • Komitee-opdragte. 		
--	--	--	--

Verseoeke om toegang tot rekords van die FSCA kan gerig word aan die betrokke persone wat in paragraaf 5 hierbo genoem word.

8. PROSEDURE VIR PAIA-VERSOEKE

- 8.1. Enige persoon kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die FSCA rig.
- 8.2. 'n Versoek moet skriftelik gedoen word op die voorgeskrewe Vorm A, wat by hierdie handleiding as Aanhangsel A aangeheg is.
- 8.3. Die versoekvorm moet aan die Adjunk-inligtingsbeampte gerig word deur die kontakbesonderhede te gebruik wat in klousule 5 hierbo uiteengesit word.
- 8.4. Die versoek moet die naam en kontakbesonderhede bevat van die persoon wat die versoek rig en moet genoeg besonderhede verskaf om die FSCA in staat te stel om die rekord wat versoek word, te identifiseer. Die persoon wat die versoek rig moet ook die vorm aandui waarin toegang tot die rekord versoek word.
- 8.5. Waar die versoek namens 'n ander persoon gerig word, moet die persoon wat die versoek rig tot voldoening van die Inligtingsbeamptes bewys lewer, in die vorm van 'n beëdigde verklaring of toestemmingsbrief, van die hoedanigheid van die persoon wat die versoek rig.

9. BETALING VAN GELDE (art. 22 van PAIA)

- 9.1. Gelde is vir PAIA-verseoeke betaalbaar en bewys van sodanige betaling moet saam met die versoek aan die Adjunk-inligtingsbeampte gestuur word. Sodra die FSCA besluit het om die gevraagde toegang tot inligting toe te staan, kan die FSCA toegangsgelde vra vir die persoon wat die versoek rig.
- 9.2. Die gelde is in ooreenstemming van die regulasies gepubliseer ingevolge die PAIA-wet vir openbare liggame.
- 9.3. Bankdeposito is die enigste aanvaarde betaalmetode vir PAIA-verseoeke en die volgende bankbesonderhede van FSCA moet gebruik word:

Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62277426328
Taknaam: RMB Corporate Banking Johannesburg
Takkode: 255005
Verw: PAIA-versoek: NAAM VAN PERSOON WAT VERSOEK RIG

- 9.4. 'n Versoek is eers ontvang nadat 'n voltooide vorm en die voorgeskrewe versoekgeld deur die Adjunk-inligtingsbeampte ontvang is.
- 9.5. By ontvangs van die PAIA-versoek moet die FSCA poog om elke versoek binne die voorgeskrewe dertig (30) dae te oorweeg en daarop te reageer. Wanneer nodig, kan die FSCA die tydperk van dertig (30) dae met 'n verdere tydperk van dertig (30) dae verleng ten einde die versoek af te handel.

10. OORWEGING VAN DIE VERSOEK

- 10.1. Versoeke om rekords vir die doeleindes van strafregtelike of siviele verrigtinge word ingevolge artikel 7 van die Wet hanteer. Artikel 7(1) bepaal (vertaling):
Die Wet is nie van toepassing nie op 'n rekord van 'n openbare liggaam of 'n privaat liggaam indien
- (a) daardie rekord versoek word vir die doel van strafregtelike of siviele verrigtinge;*
 - (b) dit versoek word na die aanvang van sodanige strafregtelike of siviele verrigtinge, na gelang van die geval;*
 - (c) die wet voorsiening maak vir die produksie van of toegang tot daardie rekord vir die doel waarna in paragraaf (a) verwys word.*
- 10.2. Indien artikel 7(1) op 'n versoek van toepassing is, moet die persoon wat die versoek rig die reëls en prosedures vir ontdekking van inligting met betrekking tot die bepaalde regsverrigtinge volg.
- 10.3. Die FSCA kan toegang weier waar versoeke duidelik beuselagtig en/of ergerlik is.

11. BESLUIT VAN DIE FSCA

- 11.1. Soos in artikel 25 van die Wet voorgeskryf, moet die Inligtingsbeampte besluit of die versoek om toegang tot inligting toegestaan moet word en die persoon wat die versoek rig dienooreenkomstig in kennis stel. Die persoon wat die versoek rig moet op die gerieflikste manier moontlik van die besluit in kennis gestel word.
- 11.2. Indien die versoek om toegang tot inligting deur die Inligtingsbeampte geweier word, moet skriftelike redes vir sodanige weiering aan die persoon wat die versoek rig verstrek word.

12. REG OM BESLUIT TE BETWIS

- 12.1. Die FSCA is nie 'n openbare liggaam waarna in paragraaf (a) van die omskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 van die Wet verwys word nie. Daar is dus geen interne appèl teen die besluit van die Inligtingsbeampte met betrekking tot toegang tot inligting nie.

- 12.2. Indien die persoon wat die versoek rig nie met die besluit saamstem nie, kan hy of sy binne 180 dae nadat hy of sy van die Inligtingsbeampte se besluit in kennis gestel is, by die Hooggeregshof met jurisdiksie aansoek doen om 'n gepaste bevel.
- 12.3. 'n Persoon wat 'n versoek rig kan ook regshulp aanvra by enige hof met toepaslike jurisdiksie ten opsigte van die volgende besluite van die Inligtingsbeampte:
 - 12.3.1. Die bedrag van gelde wat betaal moet word: en/of
 - 12.3.2. die verlenging van die tydperk waarbinne die inligting verskaf sal word.

13. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

- 13.1. Hierdie handleiding is opgestel in 'n poging om te toon dat die FSCA daartoe verbind is om 'n voorbeeld te stel met die nakoming van ons Grondwet, wette en regulasies van die Republiek van Suid-Afrika. Die beskikbaarheid van hierdie handleiding is nie net ter nakoming met die vereistes van PAIA nie, maar is ook 'n poging om werklik 'n deursigtige instelling te bestuur wat dit nakom en die grondwetlike reg van toegang tot inligting bevorder.
- 13.2. Die handleiding is beskikbaar in elektroniese en gedrukte vorm in Engels, Zulu en Venda. Die gedrukte kopieë word ook by die FSCA se ontvangstoonbank en in elke afdeling van die FSCA vir openbare besigtiging tydens besigheidsure beskikbaar gestel. Die handleiding is ook beskikbaar op die webwerf van die FSCA, en kan ook op versoek aan enige persoon beskikbaar gestel word.

14. BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING

Hierdie handleiding word periodiek bygewerk, maar nie minder as een keer elke jaar nie.

15. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING INGEVOLGE DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, WET 4 VAN 2013

- 15.1. Die FSCA moet inligting, insluitende persoonlike inligting soos in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting omskryf, insamel in die mate wat nodig is om die funksies, verpligtinge en pligte waarna in paragraaf 3 verwys word, behoorlik uit te voer.
- 15.2. Die FSCA verwerk persoonlike inligting van die volgende datasubjektkategorieë:
 - 15.2.1. Entiteite en persone waaroor toesig gehou word. Dit sluit in finansiële

organisasies, insluitende beleggingsinstellings, kollektiewe beleggingskemas, aftreefondse, lang- en korttermynversekeraars, ander finansiëlediensteverskaffers, asook die administrateurs, bestuurders en werknemers van hierdie organisasies.

15.2.2. FSCA-werknemers en werkaansoekers.

15.2.3. Derdepartyverskaffers.

15.2.4. Ander regulatoriese liggame.

15.3. Die volgende kategorieë persoonlike inligting word verwerk om die funksies wat in paragraaf 3 uiteengesit word, uit te voer.

15.3.1. Identifikasienommer (werknemernommer, maatskappyregistrasiennommers, identiteitsnommer).

15.3.2. E-posadresse, fisiese adres, telefoonnommer.

15.3.3. Name, van, huwelikstaat, nasionaliteit, seksuele oriëntering, ouderdom, status van fisiese gesondheid, status van geestesgesondheid, welsyn, gestremdheidstatus, taal, geboorteplek, geboortedatum. Van hierdie inligting is dalk van groter belang in ons indiensnemingsprosesse as in die kernbesigheidsafdelings.

15.3.4. Biometriese inligting soos vingerafdrukke, veral in ons indiensnemingsprosesse.

15.3.5. Inligting oor ras, etniese of maatskaplike oorsprong, kriminele rekords/verrigtinge.

15.3.6. Opvoeding, mediese, finansiële, indiensnemingsinligting.

15.4. Persoonlike inligting word slegs openbaar gemaak as dit nodig is om ons wetgewende mandaat na te kom soos vir die FSCA bepaal, vir besigheidsdoeleindes, waar daar 'n regsverpligting is, waar daar 'n openbare plig is om die inligting openbaar te maak, of die legitieme belange van die datasubjek openbaarmaking vereis of toestemming deur die datasubjek gegee is om die inligting openbaar te maak.

15.5. Die ontvangers van inligting sluit in FSCA-diensverskaffers, ander reguleerders (insluitende buitelandse reguleerders), wetstoepassingsagentskappe en verifiëringsagente.

15.6. Persoonlike inligting kan in ander jurisdiksies buite Suid-Afrika vir besigheidsdoeleindes verwerk word, dit kan met buitelandse reguleerders gedeel word vir nakoming van 'n wetgewende mandaat of met wetstoepassingsagentskappe vir ondersoekdoeleindes.

15.7. Waar gepas, versoek ons die derde partye met wie ons inligting deel om afdoende

maatreëls te tref en aan toepaslike databeskermingswette te voldoen en die inligting te beskerm wat ons aan hulle openbaar maak. Ons doen dit deur kontraktuele reëlings met hierdie derde partye. Ons tref ook interne maatreëls om te verseker dat die derde partye wat ons aanstel gepaste maatreëls het om die inligting te beskerm wat ons aan hulle verskaf.

- 15.8. FSCA tref sekuriteitsmaatreëls, elektronies en fisies, wat ontwerp is om vertroulikheid te handhaaf, verlies van, ongemagtigde toegang tot en skade aan inligting deur ongemagtigde partye te voorkom. Die kubersekuriteitstrategie van die FSCA is in ooreenstemming met bedryfstandaardraamwerke om effektiewe kubersekuriteitsrisikobestuur vir die organisasie te verseker. Ons doen deurlopend sekuriteitkwasbaarheidassesserings om ons sekuriteitsposisie te verbeter en al ons belanghebbers gerus te stel.
- 15.9. Datasubjekte het die volgende remedies waar daar inmenging met die beskerming van hulle persoonlike inligting deur die FSCA is:
 - 15.9.1. Dien 'n klagte by die FSCA-inligtingsbeampte in, en indien nie tevrede nie, dien die klagte by die Inligtingsreguleerder op die voorgeskrewe manier en vorm in.
 - 15.9.2. Stel siviele stappe vir skadevergoeding in 'n hof met jurisdiksie in.
- 15.10. Vir meer inligting oor ons verwerkingsaktiwiteite, besoek asseblief die FSCA-privaatheidsbeleid by www.fsca.co.za